

Source: LANDBOUWEEKBLAD

Date: 14-Feb-2003

Ref No: 719

Topic: 19



1

ID: 02916842-01 | Source Page: 14



Deur NICO VAN BURICK nvburick@landbou.com

**Nadat stygende voedselprysse die afgelope maande skerp in die kollig was, het die Regering se waghondliggaam, die Voedselprysmoniteringskomitee, pas met sy werk begin. Prof. Johann Kirsten, voorsitter van die komitee en hoof van die departement landbou-ekonomiese aan die Universiteit van Pretoria, is uitgevra oor die komitee se werk en hoe dit boere raak.**

## Kospryskomitee se werk raak ook boere

**D**ie uitgangspunt van die Voedselprysmoniteringskomitee is nie om 'n heksejag te begin nie. "Ons wil almal die voordeel van die twyfel gee en probeer om die Regering te help om prosesse daadwerklik te verbeter."

Só som prof. Johann Kirsten die komitee se werk op. Die komitee is ná verlede jaar se skerp stygging in voedselprysse deur die Regering aangestel en het pas met sy werk as 'n Seksie 7-komitee onder die vaandel van die Nasionale Landboubemarkingsraad begin.

"Ons taak is ook om die werking van voedselprysverandering te verstaan en inligting te versprei oor watter faktore prysse beïnvloed en hoe marges in die voedselketting met internasionale norme vergelyk. 'n Belangrike deel van die komitee se taak sal wees om die publiek op te skerp om nie goedsmoëds enige prysse te aanvaar nie, maar te soek en te beding vir die beste prysse."

"Dit is belangrik om mense te wys hoe die markte werk. Die siening van die publiek en die media is dat daar érens 'n klomp onderduimse magte is wat prysse opjaag."

Hy sê wat die komitee op die ou end moet kan wys, is of die voedselketting doeltreffend werk; of daar onnodige koste is en of mense in die ketting nie dalk die sentiment van inflasionele neigings gebruik om prysse te verhoog nie.

"Die groot uitdaging is om regtig te verstaan wat die beste oplossings is en om te verseker dat die doeltreffendheid van die mark behoue bly ondanks die invloed en rol van groot magspelers. Terselfertyd moet verseker word dat die armes nie deur die vrye mark uitgespoeg en aan hul eie ellende oorgelaat word nie."

"Dit is maklik om te praat van die vrye mark, maar vir wie is die vrye mark daar? Mense wat nie kan meeding nie, kan nie deel daarvan wees nie. As 'n mens geen bates of vaardighede het nie, beteken die vrye mark vir jou niks. Kan jy 'n vrye mark op die punthope van apartheid bou? Dit is moeilik om te verwag dat die Regering sy huidige ekonomiese beleid sal verander – ondanks die kritiek jeans die beleid."

Daarom argumenteer prof. Kirsten dat dit eerder belangrik is om maatreëls daartoe te stel om die armste (50 % van die Suid-Afrikaanse bevolking) te help aangesien die vrye mark dit nie gaan doen nie.

Hy sê die krisis met die hoë voedselprysse het die landbou 'n groot guns bewys deurdat die Regering nou besef hoe belangrik 'n goeie landbou- en voedselbeleid vir ekonomiese en maatskaplike stabilitet is. Daarom is dit nodig dat die Regering baie meer in die landbou moet belê. As meer swart boere kos kon produseer, sou minder armes in 'n krisis beland het.

"Soos wat wit boere vroeër gehelp is om tot kimmersiële boere te ontwikkel, moet bestaansboere nou gehelp word om op dieselfde pad te kom. Die staat kan inmeng deur byvoorbeeld goed georganiseerde produksie-ondersteuningsprogramme met krediet, produksiemiddelle en voorligting daar te stel."

In bedrywe, soos die melk-, eier-, vleis- en hoenderbedryf, waar stygings in produksiekoste 'n groot invloed op prysstygings het, sal produksiokostestrukture ondersoek word. Die voer-, arbeid-, energie- en toe-

Source: LANDBOUWEEKBLAD

Date: 14-Feb-2003

Ref No: 719

Topic: 19



1

ID: 02916842-02 | Source Page: 14

rustingkomponent (wat hoofsaaklik ingevoerde goedere is) speel 'n bepalende rol in hierdie bedrywe.

Hy sê melkboere kan in 'n mate oor prys onderhandel, maar as dit nie deur kleinhandelaars aanvaar word nie, verlaat baie die bedryf, wat tekorte veroorsaak en tot verdere stygtings lei. Die melkboer sit met vaste produksiekoste en as hy nie 'n aanvaarbare prys kry nie, is ondergang sy voorland.

In die geval van 'n kommoditeit, soos graan, bepaal die vrye mark die prys wat boere kry, ongeag sy produksiekoste. Daar is egter groter verskeidenheid en in swakjare kan 'n boer oorleef deur te skuif na ander gewasse. "By graan, groente en vrugte sal dit tyd mors wees om na produksiekostestrukture te kyk."

Die Voedselpryskomitee het reeds samespreekings gevoer met voedselvervaardigers en kleinhandelaars en prof. Kirsten sê hulle het onderneem om hul volle samewerking te gee en alle nodige inligting beskikbaar te stel. "Ook hulle voer aan dat hulle met stygende produksiekoste te kampe het. Die uitdaging is om byvoorbeeld te kyk hoe 'n styging in die brandstofprys elkeen in die ketting raak en wat die sneebaleffek daarvan is."

"Die kleinhandelaars sê dat hulle nie wins op vars en bederbare produkte maak nie, maar eerder op die meer luukse goedere. Dit is alles deel van die mag spel tussen die produsent, middelman, vervaardiger en kleinhandelaar en ons moet kyk of elkeen 'n regmatige sny van die koek kry."

Prof. Kirsten sê die komitee se tande lê in die feit dat sy werk deur die Regering as belangrik geag word. "Ons hoofdoel is om verslag oor ons bevindings te doen, maar die komitee is ook by magte om ongerymhede aan die mededingingsraad mee te deel."

Daar word maandeliks aan die Nasionale Bemarkingsraad verslag gedoen en elke kwartaal aan die Minister van Landbou en Grondsake.

Mense wat met die komitee in verbinding wil tree, kan dit tolvry doen by 0800 203 216; 08:00 tot 16:00. Fakse kan gestuur word na 012 341 1911 en die e-posadres is [food-price@namc.co.za](mailto:food-price@namc.co.za). Die posadres is: Prof. Johann Kirsten, Voedselprysmoniteringskomitee, Private sak X935, Pretoria 0001.